Voortrekker Geloftes

G. J. Du Preez 072 1876 076

Gelofte

Ons weet dat die gelofte elke aand afgelê was vanaf die 9 de tot die 15 de Desember 1838. Ons weet dat Andries Pretorius en sy geselskap gegaan het om Dingaan te straf vir die moord op Piet Retief en sy manne. Ons weet van die oorwinning daardie dag teenoor die Zulus, daarom die dag genoem Dingaan dag.

Deur geloof in VADER het hulle die Zulus geslag. Op vaste vertroue in VADER en SY Woord het hulle die Zulus "gaan slag". 'n Rivier van bloed met honderde lyke was hul boetebetaling. 'n Fees ter herinnering aan daardie belofte het ons vadere beloof. 'n Plegtige belofte het ons afgelê. 'n Onderneming teenoor YAH was dit gewees. Deur vaste vertroue en geloof in VADER het die regverdige gelewe en die onregverdige gesterf.

U mag vra:.
Wie het Dingaan en sy gebroedsels gewaarsku teenoor sy aanvallers?
Was dit verraad en verraaiers wat dit gepleeg het of Kakies [Hanskakies]?
Hoekom het Dingaan met so 'n groot oormag gekom? + - 40 000
Waarom het die kerke en predikers so geskop teen die Trek? (Witman trek)
Wou hulle die Boer in Kaapland hou sodat dié Boer verbaster moes word?

Sedert 1829 het dit in die meer as 15 000 Boer se hart opgekom om te trek. 1834 Het die groot trek begin. Louis Trichardt; Hendrik Potgieter; Gert Maritz; Petrus Uys en andere. 1837 Was Piet Retief die begin van die Boere wat die land gekoop het met bloed. 1838 Deur Andries Pretorius wreek die Boer op sy teenstanders, en tot 1840 was daar slagtings soos by Vegkop; Boomplaas en 'n klomp ander "swart" name wat die Boere geloods het. Ja toe kom die ossewa tot stilstand. 'n Klompie jare daarna het daar 'n tipe van vrede geheers, maar voor 1862 het twee burger oorloë uitgebreek. Toe gaan ons Boere oor om onder mekaar te veg. In vroeë 1870 word daar steenkool, goud en diamante ontdek en die wêreld stroom na die Boer se land. Vanaf 1899 tot 1902 staan die boere weereens saam soos die Groot trek en met 20 000 Boere veg ons teen 500 000 Britte en 30 000 "swartes". U ken die gevolge daarvan; 118 000 Gevangenisse waarvan 28 000 oorlede is, 22 074 Boere kinders en 4182 Boervroue en die res ou Boere manne.

Kom ons gaan weer terug na die Slag van Bloedrivier.
Terug na 'n vraag: Aanbid ons nog daardie Hemelse VADER wat die Boere geselskap van Bloedrivier gered het? Aanbid ons nog die Skepper met Sy engel mag? Ken ons dié Seun van VADER (YAHUSHA)?
Indien wel, hoekom ly Sy volk so? Hoekom al die dood? Bid ons reg? Waar moet ons heengaan? Wat staan ons te doen? Ens.

Pre. 5:3 As jy 'n gelofte aan VADER gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe.
Nee se die "Afrikaner" ons doen die teenoorgestelde, ons sien hulle in welwillendheid aan. Kom ons gaan 'n kompromie aan met ons teenstanders!

Nou vra ek die vrae:
1) Die NG. kerk met al sy susters: Waarom het julle teen die Boere gestem wat wou trek?
2) Waarom het julle so sterk teen die Gelofte geskop dat julle eers na 30 jaar besluit het dat julle Sarel Cilliers se Gelofte sal aanvaar en nie Andries Pretorius s'n nie?
3) Is dit omrede in Andries se gelofte "volk-bou" (*Nie gebou*) in staan?
4) Is die gebou dan 'n kerk of is dit die Boervolk tussen die Afrikaners?
5) Was dit die kerk-bou of Volk-bou wat teen die trek gerebelleer nie?

Weet u waarom het die kerke dit toe aanvaar dat daar wel 'n Gelofte erkenning mag wees? "Die Boer moet versoen met die kerk en sy vyand " Vir dekades (+ - *1868*) het hulle 'n ultimatum uitgeroep teen die Boer ja teen die oorspronklike Andries Pretorius gelofte (*Wat Jan Bantjies opgeteken het*). Hulle het daardie gedeelte van "volk-bou" van Jan Bantjies se werk kamma verloor. Hulle het teen die rebelse Boere onder die Afrikaner opgetree (*Wat nie vir sy Dominee en die kerk wou luister nie*).

Het u geweet dat daar geen Gelofte in enige kerk gelees of gehoor was tot en met die "ultimatum" wat eers na 1868 toestemming gegee het dat die regering deur die "NG. Kerk" die Gelofte mag lees? Van toe af was dié Boer nie meer 'n kerklose feesgangers nie, maar nou ingeënt in die wêreld "geloof" Deur daardie ultimatum word die Boer nou 'n kerkganger, waardeur die Boer nou toestemming by hulle ontvang het om die nakoming van 'hulle' Gelofte*('n veranderde gelofte wat vele oor stry wat daar werklik gesê was*)

Skielik kry die sendingstasies lewe en (*Eeufees en versoenfeeste*) monumente word oral gebou (*obeliskhuise= kerke*). Dis net kerkgeboue en beeld aanbidding van vroeg tot laat. Daar is nie 'n dorp wat kerkloos is of 'n beeld (*of tien*) het nie.

Het u geweet dat 'n georkestreerde warboel van sending predikers van Skotland; Nederland; Duitsland; Engeland; ens. Van 1709 af tot voor die Trek het hulle gepoog om die Boere te verwar en te verbaster; Daarom was die Trek onvermydelik vir die Boer wat 'raseg' wou bly.
Net toe die kerk - tugkomitee van die regering in 1868 die vergunning gegee het dat die Gelofte in 'n kerk gelees mag word, het die Boer sy Hemelse Skepper verloor. Van daardie tyd het ons volk blind geword. Telkemaal daarna het die Boer weer opgestaan, maar is weer teen die grond geslaan.

Geen hulp was daar meer vir die Boervolk deur sy verraderlikheid nie. Ja, tussen ons het die Engelsman en die Jood toe begin te blom. Ons was ‘n arm klein Boervolkie en is nog steeds ‘n arm en klein volkie!

Hoekom sê ek so?
Daar is besluit deur die NG. Kerk se Geloftefees komitee (1868) 1938 dat alle fondsinsameling moet gaan aan sendingwerk onder die Zulus. Ons as Boer moet hulle bring tot geloof (*Al was ons strydend teen mekaar*); Ons plig is dat ons hulle moet wegkry van hulle voorvader geeste en dat daar ‘n Zulu gemeenskap gebou moet word.
Die NG. kerk het toe vir hulle (*Zulu*) ‘n Eeufees monument fonds gestig en so ook ‘n ‘Dingaan stat’ sendingstasie gebou. Die Zulu het ook weeshuise, skole en kerke ontvang wat vir hulle uit die Boer se sak gekom het. Hulle het ‘n kerk gebou ontvang reg teenoor die koppie waar Retief en sy manne vermoor was. By die kerk was ‘n kruis van ongeveer 22,5 meter hoog in die plek van ‘n kloktoring opgerig. Daar was Gelofte feeste gehou waar die poort van Dingaan se stat eens was (*Blykbaar bestaan die kerkie nie meer vandag nie*).

Maar nou wil ek namens die klein oorblyfseltjie Boere sê soos ‘n Dawid van ouds in: *Ps. 69:4 Ek /**ons** is moeg van my/**ons** geroep, my/**ons** keel brand, my/**ons** oë versmag terwyl my/**ons** wag op my/**ons** ~~God~~ Skepper. :5 Die wat my/**ons** sonder oorsaak haat, is meer as die hare van my/**ons** hoof; die wat klaar staan om my/**ons** te vernietig, wat sonder grond my/**ons** vyande is, is magtig; wat my/**ons** nie geroof het nie, moet my/**ons** dan teruggee.*

Ns:

Ek plaas ook net die verskillende Geloftes van Andries en Sarel op dier volgende twee bladsye.

Gelofte van Voortrekkers by Bloedrivier

'Vier jou feesdae, o Juda; betaal jou geloftes" Nahum 1:15

Gelofte (Sarel Cilliers)

(Afrikaans)

Hier staan ons voor die VADER van Afgesonderdheid van die hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan hom te gee.

Gelofte (Sarel Cilliers)

(Nederlands)

Mijne Broeders en Mede-landgenoten, hier staan wij tans op een ogenblik voor ee Afgesonderde VADER van Hemel en aarde om een belofte aan Hem te beloven, als Hij met Zijn bescherming met ons zal wezen, en onze handen zal geven dat wij hem overwinnen, dat wij die dag en datum elk jaar als en verjaardag en een dankdag zoals een Sabbat in Zijn eer zullen doorbrengen; en dat wij een tempel to Zijn eer stichten zullen, waar het Hem zou behagen; end dat wij het ook aan onzen kinderen zullen zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. Want de ere van Zijn Naam daardoor zal verheelikt worden, dat de roem en eer van overwinning aan Hem zal worden gegeven.

Pretorius met 470 man met 57 waens het laer opgeslaan. Sarel Cilliers, Karel Landman en Pieter Joubert het gedurende die week oggend - en aanddiens gehou. Cilliers se preke uit die Ou Testament het Pretorius op die gedagte van ‘n verbond gebring. Van 6.12.1838 tot 16.12.1838 is Andries se verbond herhaal aan sy offisiere. Die 9de is almal ingelig oor die Verbond en Gelofte.

Sarel se Gelofte is eers 30 jaar daarna in die lewe geroep omrede hy gevoel het dat daar ‘n viering en herdenking daaraan gekoppel moet word. *(Volg onder)*

Gelofte (Verbond)	Gelofte (Verbond)
(Afrikaans) (Andries Pretorius)	(Nederlands) (Andries Pretorius)
Hoe kan enige saak sonder YAH begin, dit is verydel; hoe elkeen homself behoort te gedra, in die geveg teen die vyand; dat ons, as redelike skepsels, onder die lig van die Evangelie gebore, ons nie soortgelyk aan hulle moet gedra, in die verniel van eenvoudige vroue en suigelinge nie; en dat ons van YAH mag begeer, dit wat nie met Sy strenge regverdigheid strydig is nie.	Hoe ene zaak zonder YAH begonnen, verijdelt wordt; hor een ieder zich behoorde te gedragen, in het slaan tegen den vijand; Dat wij, als redelijke schepsels, onder het licht van het Evangelie geboren, hen niet gelijk moeten zijn, in het vernielen van onnoozele vrouwen en zuigeling; en dat wij van YAH begeren mogen, het geen met Zijne gestrenge rechtvaardigheid niet strydig is.
Hy het hulle verder vermaan, hulle ondergeskiktes wakker te maak om saans en soggens hulle dagtake aan YAH op te dra in gebed; Dat hulle die Reine Sabbat ter ere van YAH sal deurbring en nalaat om Sy grote naam ydellik te gebruik en die Allerhoogste te laster.	Hy vermaande hen verder, hunne onderhoorigen op te wekken om ‘savonds en smorgens hunne dienste en verrigtingen aan YAH op te dragen in gebeden; Dat zij den H.Sabbath, ter eerde van YAH zouden besteden en Nalaten dien grooten naam ijdelik te gebruiken, en den Allerhoogste te lasteren.

Op 23 Desember 1910 het die Unie parlement dit tot openbare vakansiedag vir die hele Suid-Afrika verklaar as “Die slag by/van Bloedrivier” of Dingaan dag.

Die amptelike naam van dié dag is verskeie kere verander seder dien (*Moderentyd*) . In 1952 is die dag herdoop tot Gelofte herdoop deur die N.G. kerk wat verorden gevoel het dat dit onder die Sondagswet moet val.

Lees gerus mooi Andries Pretorius se Gelofte (Verbond). Hy noem in sy gelofte dat daar aan YAH die dank sal wees (*Nie ‘n kerk nie*); Daar staan niks van ‘n dag van viering of ‘n gebou wat gebou moet word nie, maar eerder dat ons van daardie dag af, elke dag as verbondskinders sal voort leef en sal doen wat ‘Hom behaag’